13. Me A P Bans stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die Leier van die Opposisie, agb Khalid Sayed, gelukwens nadat hy die internasionale toekenning “Ek is Vredemakerkampioen vir Vrede en Geregtheid” (“I Am Peacemaker Champion Peace and Justice”) ontvang het ter erkenning van sy bydrae tot vrede, geregtigheid en voorspraak vir weerlose gemeenskappe in die Wes-Kaap; verder kennis neem van sy deelname aan die toonaangewende Beraad vir Miljardêrs vir Vrede wat in Moembai, Indië, gehou is, waar internasionale leiers, kampvegters vir vrede en beleidmakers byeengekom het om samesprekings oor bou van vrede, geregtigheid en maatskaplike kohesie te bevorder; erkenning gee dat agb Sayed se deelname en erkenning as 'n trotse weerspieëling van Suid-Afrika se demokratiese waardes en toewyding aan menswaardigheid dien; en hom loof omdat hy die Wes-Kaap sowel as Suid-Afrika met uitnemendheid op die internasionale verhoog verteenwoordig het.

Goedgekeur.

14. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die komediant Chuma Bentele en Zachary Esau gelukwens nadat hulle as gesamentlike wenners van die eindronde van die Jive Funny Championship 2026 aangewys is wat by die Canal Walk-ouditorium in Kaapstad gehou is; kennis neem dat die kampioenskap 'n belangrike platform is om opkomende komedietalent in Suid-Afrika te ontdek en ontwikkel; verder kennis neem dat albei wenners die gehore sowel as beoordelaars beïndruk het met hul kreatiwiteit, vertelkuns en unieke Suid-Afrikaanse humor; erkenning gee aan die toenemende bydrae van die sektor vir die kunste, kultuur en vermaaklikheid om jongmense te bemagtig en platforms vir uitdrukking en geleenthede te skep; en albei komediantes sukses toewens terwyl hulle gereedmaak om aan die 27th Annual Jive Funny Festival deel te neem.

Goedgekeur.

15. Me B Stoffel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diep hartseer kennis neem van die tragiese dood van die 26-jarige Esethu Martins van Litha Park, Khayelitsha, wat sedert 17 Mei 2026 vermis was, nadat sy na bewering van die huis af vertrek het vir 'n werkonderhoud; verder kennis neem van die angste en trauma wat haar familie, vriende en gemeenskap tydens die soektog na haar ervaar het; en innige meegevoel betuig met haar geliefdes in hierdie hartseer tyd.

Goedgekeur.

16. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met hartseer kennis neem van die tragiese dood van die 13-jarige Daylin Adams van Elsiesrivier, wat sy lewe verloor het terwyl hy na bewering sy jonger nefie tydens 'n sinnelose skietvoorval wou beskerm; innige meegevoel betuig met die Adams-familie, vriende, leerders en opvoeders van die Primêre Skool Valhalla en die groter Elsiesrivier-gemeenskap in hierdie hartseer tyd; en 'n beroep doen op geregtigheid en versterkte pogings om geweld te beëindig wat kinders en gemeenskappe in die Wes-Kaap raak.

Goedgekeur.

17. Mnr M B Ngqentsu stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die tragiese en wrede moord op Ernst Marais (71) en Dina Marais (73) van Mosselbaai wie se lyke ná 'n afgryslike aanval in die Krugerwildtuin ontdek is; innige meegevoel betuig met die Marais-familie, vriende en die Mosselbaai-gemeenskap in hierdie moeilike tyd; en 'n beroep doen op agentskappe vir wetstoepassing om toe te sien dat diegene wat die daad gepleeg het, vinnig aan die pen ry.

Goedgekeur.

18. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met diepe hartseer kennis neem van die tragiese dood van die 12-jarige Morgan Mentoer van George wat sy eie lewe geneem het kort nadat hy by 'n karate-kompetisie uitblink het waartydens hy twee goue medaljes en een silwer medaljes ontvang het; verder kennis neem dat Morgan deur sy familie, skool en gemeenskap onthou word as 'n opgewekte, gedissiplineerde en vooruitstrewende jong seun wat daarvan gedroom het om eendag 'n predikant te word; in hierdie tyd van diepe droefheid innige meegevoel betuig met sy ma, familie, vriende, klasmaats, onderwysers en almal wat vir hom lief was; erkenning gee aan die belangrikheid om bewusmaking vir geestesgesondheid en emosionele ondersteuning vir kinders en jongmense te versterk; en 'n beroep doen op gemeenskappe, skole, families en ondersteuningsdienste om voort te gaan om saam te werk om toe te sien dat geen kind in stilte ly nie.

Goedgekeur.

19. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis meegevoel betuig met die familie en vriende van Wayne Delpont en sy driejarige kleindogter wat op Sondag 24 Mei 2026 tragies in 'n grusame motorvoertuigbotsing in Wineryweg dood is; kennis neem dat mnr Delpont, 'n toegewyde werknemer by die Departement van Arbeid in Somerset-Wes, 'n geliefde gemeenskapslid en eggenoot was; innige meegevoel betuig met Debra Fuller-Delpont en haar kleinseun wat tans mediese behandeling in die hospitaal ontvang, en hulle 'n volledige en spoedige herstel toewens; en eensgesindheid betoon met die geliefdes wat treur terwyl hulle hierdie ondenkbare verlies verwerk.

Goedgekeur.

20. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: dat die Huis die Primêre Skool Sonderend Road in Manenberg gelukwens met die suksesvolle bekendstelling op 22 Mei 2026 van sy Graad 7-beroepsklub; kennis neem van die samewerking tussen die Primêre Skool Sonderend en die Silverstream-vaardigheidskool, wat praktiese demonstrasies in uiteenlopende velde aan leerders gebied het; en die skool en sy vennote loof omdat hulle 'n inklusiewe omgewing skep wat leerders bemaagtig om verskillende loopbane buiten tradisi-

onele beroepe te ondersoek, wat toesien dat leerders hul waarde en potensiaal begryp om 'n betekenisvolle bydrae tot die provinsiale ekonomie te lewer.

Goedgekeur.

21. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Rhyle Adams, 'n graad 11-leerder aan die Sekondêre Skool Klein Nederburg in Paarl, gelukwens met sy uitmuntende prestasie wat Span Suid-Afrika gehelp het om die eerste plek by die 8ste Afrika-spelwedstryd in Zimbabwe te behaal; hom verder gelukwens nadat hy gekwalifiseer het om Suid-Afrika by die internasionale spelwedstryd in Shanghai, China, in Julie vanjaar te verteenwoordig; en Rhyle alle voorspoed toewens wanneer hy sy skool, die Wes-Kaap en Suid-Afrika met trots op die internasionale verhoog verteenwoordig.

Goedgekeur.

22. Mnr R D Mackenzie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis me Maceala Samboya van Malmesbury in die Swartland-streek gelukwens met haar uitmuntende prestasies in vrouerugby en omdat sy die Wes-Kaap sowel as Suid-Afrika met uitnemendheid verteenwoordig; kennis neem dat me Samboya vir die Sanlam Boland Provinsiale Damespan sowel as die 15-tal van die Springbok-vroue- en Sewesspan gekies is nadat sy in 2023 begin rugby speel het; verder kennis dat sy die eerste vrou uit die Boland-streek is wat in 2023 en 2024 aan die WXV-2-toernooi deelgeneem het, en dat sy 'n lid van die Springbok-vrouespan was wat in 2025 vir die Vrouerugbywêreldbeker gekwalifiseer het; erkenning gee aan haar toewyding, deursettingsvermoë en rol wat as inspirasie dien vir jong vroue in plattelandse gemeenskappe in die Wes-Kaap; en haar voortgesette sukses met haar sportberoep toewens.

Goedgekeur.

23. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die ongelooflike werk van die Kaap die Goeie Hoop-dierebeskermingsvereniging (DBV) (Cape of Good Hope SPCA) en die Stad Kaapstad se wetstoepassing loof vir hul professionaliteit, meelewing en moed wat tydens die onlangse gesamentlike reddingsoperasie in Dunoon en op die M5-hoofweg ten toon gestel is; kennis neem dat hierdie beamptes uitnemende toewyding getoon het deur 24 honde met sukses uit onmenslike aantelingstoestande gered het, en terselfdertyd lewensreddende mediese bystand verleen het aan 'n skoolkind wat langs die pad in nood verkeer het, wat die hoogste ideale van diens aan die publiek en medemenslikheid weerspieël; en opregte gelukwense en dankbaarheid uitspreek teenoor al die personeel wat betrokke was, vir hul onbaatsugtige toewyding om die weerloses, dier én mens, te beskerm, en omdat hulle die inwoners van Kaapstad met uitnemendheid dien.

Goedgekeur.

24. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die suksesvolle samewerking tussen die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing, CapeNature, provinsiale verkeersowerhede en toegewyde honde (K9)- en seebewaardereenhede loof wat op 21 en 22 Mei 2026 gelei het tot die inhegtenisneming van talle verdagtes en die inbeslagneming van meer as 500 kg perlemoen wat onwettig gestroop is; kennis neem dat hierdie hoë-impakoperasies die doeltreffendheid van 'n hele-regering-benadering ten toon stel waar intelligensiegeleide samewerking tussen nasionale, provinsiale en plaaslike agentskappe noodsaaklik is om onwettige sindikate vir mariene stroping te ontbloot; die

toewyding van hierdie Huis aan 'n beleid van geen verdraagsaamheid vir natuurlewe- en omgewingsmisdaad herbevestig; en alle inwoners aanspoor om verdagte aktiwiteit deur middel van die blitslyn vir omgewingsmisdaad aan te meld, wat toesien dat ons natuurlike mariene hulpbronne vir toekomstige geslagte teen uitbuiting beskerm word.

Goedgekeur.

25. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die plaaslike atleet Ezra Solomon gelukwens met sy oorwinning by die Barebones MMA-kampioenskap wat onlangs in Kaapstad gehou is; en die toewyding en dissipline van die deelnemers aan die kompetisie loof wat die toenemende diepte van talent, volwaardigheid en potensiaal op die voetsoolvlakterrein vir gemengde vegkuns in die Wes-Kaap beklemtoon.

Goedgekeur.

26. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Zayaan Abdurahman, 'n graad 11-leerder aan die Hoërskool Mondale in Mitchells Plan, gelukwens nadat sy as een uit net agt Suid-Afrikaanse leerders gekies is wat Span Suid-Afrika in Julie vanjaar by Nasa se Kennedy Space Centre in Florida sal verteenwoordig; erkenning gee aan haar uitmuntende prestasie in die Suid-Afrikaanse Kompetisie vir Ruimteontwerp, sowel as die toewyding van haar onderwyser, me Boonzaier, en die Hoërskool Mondale; en Zayaan alles van die beste toewens wanneer sy die Wes-Kaap en Suid-Afrika op die internasionale verhoog verteenwoordig.

Goedgekeur.

27. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Suid-Afrikaanse landboubedryf gelukwens met 'n uitnemende begin vir 2026, met 'n toename van 11% vir landbou-uitvoere ter waarde van US\$3,7 miljard wat in die eerste kwartaal aangeteken is; kennis neem dat hierdie prestasie, wat tot 'n handelsurplus van US\$1,8 miljard gelei het, ondanks 'n veeleisende internasionale handelsomgewing en plaaslike logistieke struikelblokke behaal is; die veerkragtigheid van ons boere en uitvoerders loof omdat hulle sterk handelsbetrekkinge in hoofstreke handhaaf het, met die vasteland Afrika wat steeds die primêre mark met 44% is, gevolg deur die Europese Unie met 26%, en Asië en die Midde-Ooste met 14%; erkenning gee aan die noodsaaklike bydrae van uiteenlopende handelsgoedere tot ons nasionale ekonomie; en 'n beroep doen op alle belanghebbendes om voortgesette beleggings in hawe-, spoor- en padinfrastruktuur te prioritiseer om die voortgesette groei en internasionale mededingendheid van ons landbousektor te verseker.

Goedgekeur.

28. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die lede van die Suid-Afrikaanse Polisie diens in Gordonsbaai loof vir hulle vinnige en beslissende optrede nadat vier verdagtes ná twee afsonderlike gewapende lokvalle vir e-vervoerdienstevoertuie op 21 Mei 2026 in hegtenis geneem is; met kommer kennis neem van die onbeskaamde aard van hierdie misdaadvoorvalle waar slagoffers ontvoering, gewapende roof en dreigemente van geweld ervaar het terwyl hulle probeer het om wettige vervoerdienste te gebruik, wat die volgehoue bedreiging beklemtoon wat georganiseerde misdadige elemente vir ons inwoners se veiligheid inhou; verder kennis neem van die doeltreffende samewerking tussen polisieostasies in Somerset-Wes en Gordonsbaai, wat ondersoekers in staat gestel het om die verdagtes met sukses aan albei voorvalle te koppel, en toegesien het dat hierdie individue nou die volle geregtelike proses in die Somerset-Wes- en Strand-landdroshof in die gesig

staar; erkenning gee aan die dapperheid van die slagoffers wie se vinnige optrede instrumenteel was om die verdagtes vas te trek; en die toewyding herbevestig om wetstoepassingspogings te ondersteun deur ons roetes vir openbare vervoer te beveilig en deur die veiligheid te verseker van almal wat in die provinsie reis.

Goedgekeur.

29. Me B M van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die ontvangers van die Stad Kaapstad se Subraad 8-toekenning van Burgerlike Eerbewyse gelukwens wat op Vrydag 22 Mei 2026 by die Strand-stadsaal gevier is; kennis neem dat hierdie toekennings as noodsaaklike erkenning dien vir die ongesiene helde van die Helderberg-kom, insluitende vrywilligers uit die gemeenskap, NRO-leiers en toegewyde staatsamptenare wat onverpoos werk om hul wyke op te hef, die weerloses te beskerm en die noodsaaklike dienste in stand te hou wat toesien dat ons gemeenskappe steeds funksioneer; die raadslid vir wyk 85 en voorsitter van die subraad, Chantal Cerfontein, loof omdat sy die belangrikheid van gemeenskapsbeheerde diens beklemtoon; en dankbaarheid uitspreek teenoor al die prysweners vir hul onwrikbare toewyding om 'n Helderberg te bou wat veiliger, meer meelewend en goed in stand gehou word vir al sy inwoners.

Goedgekeur.

30. Mnr K Brinkhuis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die dapperheid van ses pro-Palestynse aktiviste van Kaapstad wat aan boord die Global Sumud-flottielje gegaan; verder kennis neem dat hulle aan boord die Sumud-flottielje gegaan het om noodsaaklike hulpmiddels, soos voedsel en mediese voorraad, na Gasieta in besette Palestina te neem; ook kennis neem dat al die aktiviste van Kaapstad is (Qutb Hendricks, Ebrahim Peters, Hajar Kagiso Al-Thairah Ahjum Mathee, ambassadeur Faizel Moosa, Mogamed Faeek Ariefdien en Yusuf Rahman); erkenning gee dat hul ontvoering deur Israelse spesiale magte van aan boord die Global Sumud-flottielje in internasionale seegebied onwettig was; verder erkenning gee dat hulle deur die Israelse spesiale magte geterroriseer en geslaan is; erkenning gee dat die aktiviste se dapper besluit om broodnodige hulpmiddels na Gasieta te neem, op humanitêre redes gegrond was; verder erkenning gee aan hul veilige dog getraumatiseerde terugkeer na hul bekommerde families en tuistes in Kaapstad; en hulle gelukwens met hul dapperheid, wat 'n medemenslikheidsdaad was ten spyte daarvan dat hulle bewus was van die gevare wat op hulle wag.

Goedgekeur.

31. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis raadsheer James Vos en die Raad van die Stad Kaapstad gelukwens met die mylpaalgoedkeuring by 'n enkele vergadering van 693 nuwe geleenthede vir informele handel in die metropolitaanse gebied; kennis neem dat hierdie buitengewone prestasie beduidende vordering verteenwoordig om Kaapstad se ekosisteem vir openbare handel te versterk, wat noodsaaklike strome vir ekonomiese deelname en entrepreneurskap aan honderde eienaars van kleinsake-ondernemings verskaf; raadsheer Vos se proaktiewe inisiatief loof om die Stad se beleide oor informele handel te moderniseer, wat daarop mik is om toe te sien dat ruimtes vir handel nie net veiliger is en beter bestuur word nie, maar ook die nodige waardigheid en infrastruktuur verskaf sodat handelaars hul families kan onderhou en hul ondernemings kan laat groei; en erkenning gee aan die noodsaaklike rol van die informele sektor om inklusiewe ekonomiese groei aan te dryf, om plaaslike werkgeleenthede te skep en om as 'n

stigtingspilaar te dien vir sakeondernemings wat tot die groter Suid-Afrikaanse voorsieningskanaal bydra.

Goedgekeur.

32. Mnr D J Wessels stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die aansienlike skade wat aangerig is aan die Michellspas naby Ceres tydens die onlangse voorvalle van oorstroming; verder kennis neem van die vinnige reaksie deur infrastruktuurspanne, wat ondanks uitdagende toestande binne drie dae toegang tot die roete herstel het; en erkenning gee aan die voortgesette pogings om die padinfrastruktuur te herbou en versterk om veerkragtigheid teen gure weervooralle in die toekoms te verbeter en om die voortgesette veiligheid van padgebruikers te verseker.

Goedgekeur.

33. Me M B van Minnen stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat 'n toesigbesoek aan die Lwandle-polisiestase op 2 Junie 2026 die ernstige impak van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se hulpbronnbeperkings op doeltreffende dienslewering blootgelê het; verder met kommer kennis neem dat die stasiebestuur vyf moorde in 'n enkele naweek aangemeld het, wat die diepte van die geweldsmisdaad in die gebied beklemtoon; erkenning gee dat die polisiëringslas in die Lwandle-polisiëringsgebied beskikbare hulpbronne ver oorskry, met 'n koers vir SAPD- sigbare polisiëring tot die bevolking van sowat 1 beampte vir 926 inwoners, in 'n gebied wat deur hoë vlakke geweldsmisdaad, insluitende moord, roof, dwelmverwante misdrywe en geslagsgebaseerde geweld, gekenmerk word; kommer uitspreek dat daar tans net 17 speurders by die Lwandle-polisiestase is, wat elkeen 'n gemiddelde saaklading van 141 sake het, wat 'n ernstige impak op die ondersoekkapasiteit en saakuitkomste het; en, dus, 'n beroep doen op die Suid-Afrikaanse Polisiediens en die nasionale regering om die Lwandle-polisiestase dringend na 'n volledige kolonelvlastasie op te gradeer, om bykomende personeellede en voertuie toe te wys, en om die oprigting van 'n polisiestasiegebou vir die provinsie te prioriseer wat voldoende hulpbronne het en ten volle funksioneer.

Goedgekeur.

34. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die kritieke rol wat die sektor vir maatskaplike ontwikkeling speel om weerlose kinders, ouer persone, persone met gestremdhede, slagoffers van geslagsgebaseerde geweld en families in nood te ondersteun; verder kennis neem dat miljoene Suid-Afrikaners van maatskaplike toelaes en dienste vir maatskaplike welsyn vir hul daaglikse oorlewing en welstand afhanklik is; erkenning gee aan die toewyding van maatskaplike werkers, organisasies sonder winsoogmerk en staatsamptenare wat ten spyte van voortgesette uitdagings voortgaan om hierdie dienste te lewer; en 'n beroep doen op die dringende aanstelling van 'n permanente nasionale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling om leierskap, toesig en verantwoordingspligtigheid te verskaf in 'n sektor wat noodsaaklik is om die mees weerlose lede van die samelewing te beskerm.

Goedgekeur.

35. Mnr N P Masipa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy volle ondersteuning toesê en Bafana Bafana en hul hoofafrigter, Hugo Broos, voorspoed toewens terwyl hulle vir hul komende wedstryde in die Fifa-wêreldbeker voorberei; kennis neem dat die hele land die

span ondersteun terwyl hulle miljoene Suid-Afrikaners se wense en drome na die internasionale verhoog dra, wat ná vele jare 'n geskiedkundige terugkeer na die Fifa-wêreldbekertoernooi is; erkenning gee aan die besonderse harde werk, dissipline en toewyding wat die spelers, afrigtingspan en bestuur deur middel van hul strawwe kwalifiseringsveldtog en voortgesette voorbereiding getoon het; die span opreg aanmoedig, en hulle aanspoor om Suid-Afrika met uitnemendheid te verteenwoordig; en hulle alle voorspoed toewens in hul strewe na glorie by die toernooi.

Goedgekeur.

36. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement se besluit om alle openbare gewone skole en skole vir spesiale behoeftes in die Eden- en Sentraal-Karoo-onderwysdistrik weens ernstige weerwaarskuwings en die risiko wat swaar reën inhou, op 3 en 4 Junie 2026 te sluit; verder kennis neem dat hierdie besluit in oorleg met die Provinsiale Rampbestuursentrum en in belang van die veiligheid van leerders en onderwysers geneem is; erkenning gee aan die proaktiewe kommunikasie aan skole en ouers wat geraak is; en die toewyding verwelkom om toestande voortdurend te monitor en skole op 5 Junie 2026 te heropen wanneer dit veilig is om dit te doen.

Goedgekeur.

37. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat Junie as Jeugmaand herdenk word, wat 'n tyd is om na te dink oor jongmense in ons land se wense en die uitdagings wat hulle die hoof moet bied; verder kennis neem dat talle jongmense wat uit pleegsorg, kinder-en-jeugsorgsentrums en omstandighede vir alternatiewe versorging kom, beduidende struikelblokke vir verdere opvoeding, indiensneming en onafhanklike leefwyses die hoof moet bied; erkenning gee aan die werk van die Wes-Kaapse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en sy vennote wat weerlose jongmense deur middel van programme vir ontwikkeling en bemagtiging ondersteun; en 'n beroep doen op alle regeringsfere, die privaat sektor en die burgerlike samelewing om geleenthede te versterk wat jongmense wat versorging verlaat, in staat stel om volhoubare en onafhanklike toekoms te bou.

Goedgekeur.

38. Mnr D Bryant stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die 48 leerders van die Stad Kaapstad se Program vir Junior Rivierbewaarders ("Junior River Wardens Programme") wat voor Wêreld-oseanedag op 8 Junie 2026 aan 'n inisiatief vir mariene bewaring en omgewingsopvoeding deelgeneem het; verder kennis neem dat leerders van die primêre skole Red River, Floreat en Ysterplaat saam met omgewingsorganisasies en amptenare van die Stad gewerk het om van mariene ekosistels, haabewaring en oseaanvoogdyskap te leer voordat hulle aan 'n strandopruiming deelgeneem het; en erkenning gee aan hul bydra om meer as 112 kg rommel by Lagoon Beach te verwyder, wat help om die seelewe te beskerm en om omgewingsverantwoordelikheid onder jongmense te bevorder.

Goedgekeur.

39. Me W F Kaizer-Philander stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die gure weerstoestande en oorstromings wat tussen 10 en 13 Mei 2026 in die Wes-Kaap ervaar is, wat werksaamhede by verskeie Sassa-kantore en -dienspunte ontwrig het; verder

kennis neem dat, ondanks skade aan infrastruktuur, kragonderbrekings en tydelike hervestigings, gebeurlikheidsmaatreëls noodsaaklike dienste vir maatskaplike bystand in staat gestel het om voort te gaan en siklusse vir toelaagbetalings is nie geraak nie; erkenning gee aan die pogings van Sassa-amptenare en personeellede aan die frontlinie wat voortgegaan het om weerlose begunstigdes te ondersteun en humanitêre noodverligting in moeilike omstandighede te verskaf; en erkenning gee dat, namate gure weervoorvalle toenemend gereeld plaasvind, dit nou meer as ooit belangrik is dat rampgereedheid en verligtingsplanne maatreëls insluit om die voortgesette betaling van toelaes en ononderbroke toegang tot dienste vir maatskaplike bystand te verseker vir weerlose inwoners wat vir hul lewensbestaan en waardigheid op hierdie ondersteuning staatmaak.

Goedgekeur.

40. Mnr P Johnson stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat Zayaan Abdurahman, 'n graad 11-leerder aan die Hoërskool Mondale in Mitchells Plain, as een uit net agt Suid-Afrikaanse leerders gekies is om aan die Internasionale Kompetisie vir die Ontwerp van Ruimtenedersettings ("International Space Settlement Design Competition") deel te neem en NASA se Kennedy Space Centre in Julie 2026 te besoek; verder kennis neem dat sy gekies is nadat sy aan die Suid-Afrikaanse Kompetisie vir Ruimteontwerp deelgeneem het, wat leerders uitdaag om vaardighede in wetenskap, tegnologie, ingenieurswese en wiskunde op werklike probleme toe te pas; en erkenning gee aan die belangrikheid daarvan om geleenthede aan leerders te bied om in STEM-velde uit te blink, wat innovering, kritiese denkvaardighede en toekomstige vaardigheidsontwikkeling in die Wes-Kaap bevorder.
41. Die Huis verdaag om 17:55.

Ressida K Begg
Sekretaris van die Provinsiale Parlement